Die Hemelboer

Ek sien in my gedagtes - `n land vol oesryp graan
wat eendag, skielik, onverwags voor die sekel se lem gaan staan
En ritmies bring die sekel die oes in van die land
die koring staan nou weerloos teen die krag in die Boer se hand
en besef jy, besef jy
Hoe sekuur daardie sekel sny ?
Gaan jy dalk kaal en verlate en koud
en alleen in die land agterbly ?

Ek sien hoe die wa die gerwe na die dorsvloer toe karwei
want daar wag die werkers om die koring en die kaf te skei
En die ywerige hande sprei die oes uit op die vloer
Die koring lê nou weerloos voor die voete van die Boer
en besef jy, besef jy
Daar's `n skaal in die Here se hand
Sal Hy jou by die koring in die sakke wil hê
of gaan jy dalk op die hooimied beland ?
Sal Hy jou by die koring in die sakke wil hê
of gaan jy dalk op die hooimied beland ?

Ek sien die vreugde in die hemel. Kan jy jou dit ook verbeel ?
As die Hemelboer Sy koring in Sy meule maal tot meel
En ek glo die Heiland glimlag oor die ryp oes uit Sy land
want die vrug op al Sy arbeid is nou vir ewig in Sy hand
en besef jy, besef jy
Daar's `n lewe na die aardse dood
As die meule in die hemel jou maal tot meel
vir die Here se hemelbrood
As die meule in die hemel jou maal tot meel
vir die Here se hemelbrood

Habakuk se gebed

Al sou die vyeboom nie bot nie
en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie
en al sou die olyfoes misluk
en die lande geen oes lewer nie
en al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie
en die beeskrale sonder beeste wees

Nogtans sal ek in die Here jubel
sal ek juig in God, my Redder
Die Here my God gee vir my krag
Hy maak my voete soos dié van `n ribbok
op hoë plekke laat Hy my veilig loop

Daarom sal ek in die Here jubel
sal ek juig in God, my Redder

Vir die koorleier ... met snarespel

Wingerdloot

Ek voel net soos `n wingerdloot - `n vars jong wingerdloot
wat uitspruit uit die Wynstok van die lewe
Ek strek my hande op na God se lig soos blare na die son gerig
en ek voel `n drang om wild en vry te groei
Maar somtyds kry ek baie seer as iemand my takke skeur
en ek sukkel so om te verstaan
Hoekom ek dan so seer moet kry
Hoekom is dit dan so nag om my ?
Tot ek biddend na my Vader toe gaan

En Hy sê : Dis Ek my kind. Ja dis Ek my kind
Kyk hier is die skêr nog in my hande
Ja dis Ek my kind wat jou so seer moet snoei
wat jou moet buig en jou moet breek sodat jy reg kan groei
Ja dis Ek my kind wat net volharding vra
Want `n loot word eers gesnoei voordat hy vrugte dra

Ek voel net soos `n wingerdloot - `n stompgesnoeide wingerdloot
wat nou vas staan in die Wynstok van die lewe
En ek voel die lewe in my bloed - deur hierdie Lewensaar gevoed
en ek weet ek groei nou onder Sy beheer
En as ek nou die pyn weer voel
dan weet ek dat Hy dit goed bedoel
Dis die Vader se plan vir my
As ek die seer dan by Sy voete lê
wil ek biddend ook vir Hom kom sê
Heer, U liefde maak my weer bly

Hier is ek my Heer - Ja hier's ek my Heer
Kyk ek gee alles oor in U hande
Hier is ek my Heer - ek lê my lewe neer
Kom buig my en breek my soos U wil my Heer

Want ek weet my Heer sodra die lente kom
dan staan die helder lentebloeisels vol in blom
Kyk na my my Heer - my bloeisels vol in blom
Die ryk belofte ... van vrugte wat ryp sal wees ...
as U weer op die wolke kom !

Meer en meer soos Jesus

Ek wil so graag glo dat ek Sy kind is
Ek wil so graag sê ek's lief vir Hom
Ek wil weet dat ek aan Hom verbind is
Ek wil so graag reg wees as Hy kom
Want ek word meer en meer en meer soos Jesus
Ek kom nader, nader aan Sy troon
My hele lewe gee ek aan Jesus
In my hart dra Hy die kroon

Ek wil so graag glo dat Hy die Een is
Ek wil so graag sê ek's lief vir Hom
Ek wil so graag bid as ek alleen is
Ek wil so graag reg wees as Hy kom
Want ek word meer en meer en meer soos Jesus
Ek kom nader, nader aan Sy troon
My hele lewe gee ek aan Jesus
In my hart dra Hy die kroon

Ek wil glo dat Jesus altyd daar is
Ek wil so graag sê ek's lief vir Hom
Ek wil glo dat die Bybel regtig waar is
Ek wil so graag reg wees as Hy kom
Want ek word meer en meer en meer soos Jesus
Ek kom nader, nader aan Sy troon
My hele lewe gee ek aan Jesus
In my hart dra Hy die kroon

Selfondersoek (Heer U maak my nuut)

Hemelvader kyk na my - kyk ek sit hier by U voete
Ek wil so graag vanaand net alleen by U wees
Maar elke keer as ek stil word en opkyk in U oë
sien ek myself in die spieël van U Gees

Vader vul my met U krag en U genade
want, Heer, ek sien 'n dof, verwronge beeld
Help my om my lewe en myself so oop te breek
dat ek diep, tot binne in myself kan kyk
Help my uit genade om weer skoon en heel te word
Here help my asseblief om meer soos Jesus te lyk

Hemelvader kyk na my - kyk ek kniel hier by U voete
Ek wil my hele lewe en myself voor U kom lê
Maar elke keer as ek stil word en opkyk in U oë
dan wonder ek : 'Is ek regtig soos U my wil he ?'

Vader vul my met U krag en U genade
want, Heer, ek sien 'n dof, verwronge beeld
Help my in my soeke om die ware ék te ken
dat ek myself deur U oë sal sien
en help my in genade om weer nederig te word
Here help my asseblief om U weer opreg te dien ...
... dat die hele wêreld U beeld in my sal sien.

O Heer U maak my nuut - dat ek myself weer kan aanvaar
U gee my deur geloof 'n vaste hoop om met 'n jubel vol van vreugde en 'n loflied
in my hart weer 'n nuwe pad my God ... saam met U te loop

Herders in die veld

Buite die lig van ons vuurtjie se kring
het ons in die veld `n koor hoor sing
en skielik het `n man ons met `n skerp lig verblind
gesê hy bring die goeie tyding van `n hemelse Kind
Wat vrede op aarde sou bring - Vrede op aarde sou bring

Bang en verbaas het ons stil opgestaan
ons bondeltjies gevat en na die stal toe gegaan
Ek het stilweg getwyfel oor wat ons daar sou vind
Verwonderd oor die tyding van die hemelse Kind
En al wat ek nog kon hoor
was die hemelse lied van die koor

By die stal het die Kind in doeke gelê
net soos die man met die lig in die veld dit wou hê
Dit was half of die Kindjie glimlag toe ek naby Hom kom
en ek kniel toe uit `n vreemde eerbied vir Hom
Ek het geweet Hy was waarlik die Koning
wat waarlik die vrede sou bring

Maar wie sou kon raai, terwyl Hy daar lê
watter wrede einde sy lewe sou hê
Dat hierdie klein ou voetjies die kruispad sou stap
En soldate wrede spykers in hierdie ou handjies sou kap
Dat Hy vir ons sou moes ly
aan `n kruis sou moes hang vir my

Maar nou weet ons goed - Hy het net die weg gebaan
ons weet Hy was dood, maar Hy het weer opgestaan !
Nou weet ons waaroor het die engele so gesing
Oor die verlossing wat hierdie Kindjie met sy kruisdood sou bring
Juig die Redder is daar. Juig die Redder is daar !

Seilboot

My lewe is `n seilboot wat ver op reis moet gaan
en Jesus is my Stuurman wat aan die roer bly staan
God se plan vir my lewe is die wydheid van die see
en die winde wat my aandryf is die Gees wat Hy my gee
Daarom span ek my seile voor die Heilige Gees
want waar hierdie wind my waai is presies waar ek wil wees
En Jesus stuur my skip sekuur oor God se oseaan
en so kom ek eendag veilig by my eindbestemming aan
Golgota se kruishout is die boegspriet aan die hoof
en die pik tussen die planke is die seël van my geloof

Somtyds moet ek koers kies met `n skuins hoek teen die wind
Maar met so `n goeie Stuurman sal ek weer my rigting vind
Somtyds is daar storms en soms is die wind weer stil
want die draai van die seisoene word bepaal deur God se wil
En al kraak die mas en die toue teen die wind se volle krag
al stamp die boeg teen die golwe - ek weet wat op my wag
Soms voel ek hoe die balke teen die stormkragte kreun
en somtyds skep ek water maar ek weet waar gaan ek heen
En ek laai God se liefde soos `n skatkis aan boord
Bepaal die rigting van my reis met die kaart van sy woord

En ek span al my seile voor die Heilige Gees
want waar hierdie Wind my waai is presies waar ek wil wees
En Jesus stuur my skip sekuur oor God se oseaan
tot ek eendag in volmaaktheid op die hemelhawe staan

Die pad wat jy moes loop

Kom dink `n bietjie aan jou lewe
Aan die onbekende pad wat jy van kleintyd af moes loop
Kom dink aan elke afdraai, elke kruising, elke stop
Aan al die kronkels in die pad wat jy moes loop
En o ek glo dan weet jy, dan glo jy, dan verstaan jy
Alles was presies net soos dit moes wees
Elke keer wat jy moes afdraai, op die pad wat jy moes loop
was dit die leiding van die Heilige Gees

Kom dink dan aan die gang van jou gedagtes
Aan al die vrae sonder antwoord wat geknoop het in jou kop
Kom dink aan elke `Ja' elke `Nee' toe jy moes kies
Al die besluite langs die pad wat jy moes loop
En o ek glo dan weet jy, dan glo jy, dan verstaan jy
Alles was presies net soos dit moes wees
Elke keer wat jy moes luister na die fluister in jou kop
was dit die stem van die Heilige Gees

Kom dink dan aan die tye wat jy alleen was
aan die hartseer eensaam plekke in die donker langs die pad
Kom dink dan aan jou Skepper - hoe Hy altyd by jou was
Hoe Hy elke keer maar daar was as jy roep
En o ek glo dan weet jy, dan glo jy, dan verstaan jy
Alles was presies net soos dit moes wees
Elke keer wat jy kon bid en voel jy's naby aan jou God
was dit die troos van die Heilige Gees
Elke keer wat jy kon bid en met vrye toegang tot jou God
was dit die voorspraak van die Heilige Gees

Troue Leier en Vertrooster. Hy sal altyd by jou wees
Hy is jou Voorspraak by jou Vader
Jou beste Vriend die Heilige Gees

Here, hier's my hart

Luister my vriend ek vra jou om goed na jou lewe te kyk
het jy al ooit gewonder hoe jy vir die Here moet lyk
Skyn jou lig skerp en helder of maar dowwerig flou ?
Brand jy warm vir die Here of is jy eintlik maar lou ?

My vriend besef jy ons lewe alleen deur genade en seën
En dit wat ons dink is ons eie - is eintlik net tydelik geleen
Deur die skuld van ons sonde is ons arm en kaal
Maar Hy't dit alles op `n heuwel aan `n kruis vir ons betaal

Kom sluit nou jou oë, kom kniel stil in gebed
Kom gee jou hart vir die Here. Kom gee Hom alles wat jy het
Ag ek bid dat jy sal luister na wat die Here wil hê
dat jy ook vandag hier, saam met my sal sê :

Here hier's my hart, hier's my lewe, hier's my hand
Kom bind my aan U vas met `n onbreekbare band
Here hier's my sonde kom was my weer skoon
Ek vra dat U sal inkom om in my te kom woon

Here hier's my hart, hier's my lewe, in U hand
Kom bind my deur U liefde se onbreekbare band
U is my Verlosser, my Skepper, my Heer
Here hier's my hart nou is U in beheer
Alles wat ek het is nou totaal in U beheer

Jesaja 40 : 12 - 31

Wie meet die water in die holte van Sy hand ?
Wie bepaal die ligjaarhemel se span van kant tot kant ?
Wie weeg die hele wêreld met `n emmer en `n skaal ?
Wie kan Hom ooit raadgee of Sy almag ooit bepaal ?

Wie neem die hemelkoepel as `n voetstuk vir Sy troon ?
Wie span die hemeldoek oop soos `n tent om in te woon ?
Wie bring die wêreldheersers in `n oogwink tot `n val
as Hy uittrek met Sy hemelleer in volle magtige getal ?

En wie gee my, as ek moeg is, weer krag om aan te gaan ?
Wie help my as ek val - gee my weer moed om op te staan ?
Wie gee my arendsvlerke om te vlieg, hoër as die wind ?
Dis my Skepper wat my liefhet en my aanvaar het as Sy kind !

Daarom loof ek Hom en prys ek Hom en jubel ek voor my Heer
Daarom eer ek Hom en aanbid ek Hom en kniel ek voor Hom neer
Waarom probeer ek nog om Sy heerlikheid
en Sy almag te bepaal ?
Vir my is dit genoeg om te weet Hy kom my haal

So kom loof Hom, kom prys Hom, kom jubel voor die Heer
Kom eer Hom, kom aanbid Hom
Kom kniel nederig voor Hom neer.
Hy het belowe dat Hy eendag op die wolke neer sal daal.
Ja ek weet verseker, die Here kom ons haal !!!